
SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za

This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS




You have Downloaded, yet Another Great Resource to assist you with your Studies ☺

Thank You for Supporting SA Exam Papers

Your Leading Past Year Exam Paper Resource Portal

Visit us @ www.saexampapers.co.za

SA EXAM PAPERS

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za

This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

GAUTENG PROVINCE
EDUCATION
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# JUNIE EKSAMEN
# GRAAD 12

# 2025

## EKONOMIE

## (VRAESTEL 1)

EKONOMIE V1

C2731A

TYD: 2 uur

PUNTE: 150

14 bladsye

X05

GAUTENG PROVINCE

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za

This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS



**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Beantwoord VIER vrae soos volg in die ANTWOORDBOEK:

   AFDELING A: VERPLIGTEND
   AFDELING B: Beantwoord TWEE van die drie vrae.
   AFDELING C: Beantwoord EEN van die twee vrae.

2. Beantwoord slegs die vereiste aantal vrae. Antwoorde meer as die vereiste hoeveelheid sal NIE nagesien word NIE.

3. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

4. Skryf die vraagnommer bokant elke antwoord.

5. Lees die vrae aandagtig deur.

6. Begin ELKE vraag op ŉ NUWE bladsy.

7. Laat 2 – 3 reëls tussen onderafdelings van vrae oop.

8. Beantwoord die vrae in volsinne en maak seker dat die formaat, inhoud en konteks van jou antwoorde aan die kognitiewe vereistes van die vrae voldoen.

9. Gebruik slegs swart of blou ink.

10. Jy mag ŉ nie-programmeerbare sakrekenaar gebruik.

11. Skryf netjies en leesbaar.

GAUTENG PROVINCE
SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za

This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS



**AFDELING A (VERPLIGTEND)**

**VRAAG 1** **30 PUNTE – 20 MINUTE**

1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae verskaf. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A – D) langs die vraagnommers (1.1.1 tot 1.1.8) in die ANTWOORDBOEK neer, bv. 1.1.9 D.

1.1.1 Vir 'n ekonomie in ewewig, verteenwoordig Y = C + I + G + (X – M) ...

A kapitaalbelegging, inflasie, staatsbesteding en netto invoere.
B verbruiksbesteding, investering, staatsuitgawes en netto uitvoere.
C korporatiewe winste, individuele spaargeld, algemene inkomste en uitvoere.
D valutareserwes, nywerheidsuitset, bruto verdienste en invoerverskille.

1.1.2 Watter sektor lewer die laaste paar jare die grootste bydrae tot Suid-Afrika se BBP?

A Primêre sektor
B Tersiêre sektor
C Informele sektor
D Sekondêre sektor

1.1.3 Die fase van die sakesiklus wat gekenmerk word deur toenemende ekonomiese aktiwiteite en indiensneming.

A Inkrimping
B Resessie
C Uitbreiding
D Depressie

1.1.4 Watter maatstaf sal waarskynlik gebruik word om ekonomiese groei tydens 'n inkrimpingsfase te stimuleer?

A Verhoging van belasting
B Vermindering van openbare besteding
C Vermindering van rentekoerse
D Beperkte geldvoorraad

1.1.5 ... is 'n effek van mislukking in die openbare sektor.

A Prysstabiliteit
B Volle indiensneming
C Ekonomiese groei
D Sosiale onstabiliteit

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za

This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS



1.1.6 Die komponent van die openbare sektor wat verantwoordelik is vir die daaglikse bestuur van 'n stad of dorp is ...

A parastatale.
B nasionale regering.
C provinsiale regering.
D plaaslike regering.

1.1.7 Wat word 'n toename in die waarde van ŉ geldeenheid, in vergelyking met ander geldeenhede as gevolg van die markkragte van vraag en aanbod genoem?

A Appresiasie
B Herwaardasie
C Waardevermindering
D Devaluasie

1.1.8 Wanneer 'n land die enigste vervaardiger van 'n goed of diens is, het dit ŉ ...

A absolute voordeel.
B vergelykende voordeel.
C relatiewe voordeel.
D ekonomiese voordeel. (8 x 2) (16)

GAUTENG PROVINCE EDUCATION REPUBLIC OF SOUTH AFRICA
SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za

This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS



1.2 Kies ’n beskrywing uit KOLOM B wat by ’n item in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A – I) langs die vraagnommers (1.2.1 tot 1.2.8) in die ANTWOORDBOEK neer bv. 1.2.9 J.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 1.2.1 Trog | A verdeel inkomste meer eweredig |
| 1.2.2 Lekkasies | B ’n vorm van krediet wat deur die Internasionale Monetêre Fonds gebruik word om lande te help wat sukkel met hul betalingsbalans |
| 1.2.3 Basiese pryse | C die laagste draaipunt van die sakesiklus |
| 1.2.4 Bewegende gemiddeldes | D die koste van goedere en dienste voordat ander belasting op produksie bygevoeg is en ander subsidies op produksie afgetrek is |
| 1.2.5 Regressiewe belasting | E ZAR1,00 = US$0,1212 |
| 1.2.6 Negatiewe eksternaliteit | F die onttrekking van geld uit die kringloop |
| 1.2.7 Spesiale trekkingsregte | G verdeel inkomste minder eweredig |
| 1.2.8 Indirekte kwotering | H 'n tegniese metode wat die fluktuasies in die datareeks meer gelyk maak |
| | I 'n koste vir 'n derde party wat nie by 'n transaksie betrokke is nie |

(8 x 1) (8)

GAUTENG PROVINCE EDUCATION REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

SA EXAM PAPERS Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za

This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS



1.3 Gee EEN term vir elk van die volgende beskrywings. Skryf slegs die term langs die vraagnommers (1.3.1 tot 1.3.6) in die ANTWOORDBOEK neer. Afkortings, akronieme en voorbeelde sal NIE aanvaar word NIE.

1.3.1 Oorsake van sakesiklusse binne die markstelsel

1.3.2 Data wat gebruik word om die huidige stand van die ekonomie te evalueer

1.3.3 Die bedrag wat verbruikers betaal vir goedere en dienste insluitend belasting, minus subsidies

1.3.4 Toon die verwagte inkomste en uitgawes van Gauteng vir die volgende finansiële jaar

1.3.5 Goedere waarvoor dit moontlik is om die gratis (vrye-) ryers uit te sluit met tolgeld of 'n fooi

1.3.6 'n Wêreldwye interaksie van ekonomieë met handel as 'n belangrike element (6 x 1) (6)

**TOTAAL AFDELING A: 30**

SA EXAM PAPERS
Proudly South African
GAUTENG PROVINCE EDUCATION REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za

This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS



**AFDELING B**

Beantwoord enige TWEE van die drie vrae in hierdie afdeling in die ANTWOORDBOEK.

**VRAAG 2: MAKRO-EKONOMIE** **40 PUNTE – 30 MINUTE**

2.1 Beantwoord die volgende vrae.

2.1.1 Noem enige TWEE belastings op produksie. (2 x 1) (2)

2.1.2 Wat veroorsaak dat werkloosheid tydens ŉ resessie toeneem? (1 x 2) (2)

2.2 Bestudeer die tabel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

| KWARTAALVOORSPELLINGS | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **NYWERHEDE** | **WERKLIK** | | | **VOORSPELLING** | | | |
| | **2023** | | **2024** | **2024** | | | |
| | **Deel % van BBP** | **Volle jaar** | **K1** | **K2** | **K3** | **K4** | **Volle jaar** |
| Landbou | 2,6 | -4,8 | 13,5 | 1,2 | 4,2 | 5,6 | 4,0 |
| Mynbou | 7,3 | -0,5 | -2,3 | -0,9 | 0,1 | 0,5 | -11 |
| Vervaardiging | 12,0 | 0,3 | -1,4 | 0,9 | 0,4 | 0,4 | -0,4 |
| Elektrisiteit, gas en water | 2,9 | -4,0 | -0,4 | 1,8 | 0,5 | 0,3 | 3,0 |
| Konstruksie | 2,2 | -0,1 | -3,1 | 0,5 | 0,4 | 0,3 | -5,2 |

**[Bron: *Stats SA & Nedbank voorspellings*]**

2.2.1 Identifiseer die nywerheid wat in die derde kwartaal van 2024, volgens voorspelling, die minste tot die ekonomie sal bydra. (1)

2.2.2 Noem enige EEN metode wat gebruik word om BBP te bereken. (1)

2.2.3 Beskryf kortliks die term *bruto nasionale produk.* (2)

2.2.4 Hoe word basiese pryse na markpryse omgeskakel? (2)

2.2.5 Waarom is dit belangrik om die reële binnelandse syfers in 'n land te monitor? (2 x 2) (4)


SA EXAM PAPERS
Proudly South African
GAUTENG PROVINCE EDUCATION REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za

This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS



2.3 Bestudeer die spotprent hieronder en beantwoord die vrae wat volg.




**[Aangepas uit: *https://brandanreynolds.com/2023/11/26/business-day-tuesday-21-november-2023/*]**

2.3.1 Identifiseer die instelling wat verantwoordelik is vir die handhawing van finansiële stabiliteit in Suid-Afrika. (1)

2.3.2 Noem enige EEN monetêre-beleidsinstrument. (1)

2.3.3 Beskryf kortliks die term *fiskale beleid.* (2)

2.3.4 Verduidelik die positiewe impak van krediet in die ekonomie. (2)

2.3.5 Hoekom sal die regering beleid implementeer wat 'n oorverhitte ekonomie vertraag? (2 x 2) (4)

2.4 Bespreek die *tendenslyn* en *amplitude* as kenmerke wat voorspelling ondersteun. (2 x 4) (8)

2.5 Hoe kan huishoudings; as sleuteldeelnemers aan die ekonomiese kringloopmodel, bydra tot die groei en ontwikkeling van die ekonomie? (4 x 2) (8)

**[40]**

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za

This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS




**VRAAG 3: MAKRO-EKONOMIE** **40 PUNTE – 30 MINUTE**

3.1 Beantwoord die volgende vrae.

3.1.1 Verskaf enige TWEE bronne van staatsinkomste. (2 x 1) (2)

3.1.2 Hoe sal internasionale handel deur hoë-inkomstevlakke geraak word? (1 x 2) (2)

3.2 Bestudeer die grafiek hieronder en beantwoord die vrae wat volg




3.2.1 Identifiseer die belastingkoers wat die maksimum belastingsinkomste gee. (1)

3.2.2 Watter instelling is verantwoordelik vir die invordering van belasting in Suid-Afrika? (1)

3.2.3 Beskryf kortliks die term *Laffer-kurwe.* (2)

3.2.4 Waarom sal 'n belastingkoers van 10% beskou word as 'n motivering om te werk? (2)

3.2.5 Argumenteer teen 'n verhoging in die belastingkoers van 40% tot 60% deur die regering. (2 x 2) (4)

GAUTENG PROVINCE EDUCATION REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za

This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS



3.3 Bestudeer die tabel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

| FINANSIËLE REKENING VAN DIE BETALINGSBALANS VIR RSA | | |
|---|---|---|
| Netto direkte belegging 46 777 | Netto portefeuljebeleggings 2 600 | Netto finansiële afgeleide instrumente 7 600 |
| Netto ander beleggings 17 000 | Goedere uitvoere 150 000 | Reserwebates 11 000 |

**[Bron: Eksaminator se data]**

3.3.1 Hoeveel rekeninge is daar in Suid-Afrika se betalingsbalans? (1)

3.3.2 Identifiseer die item wat onder die lopende rekening aangeteken moet word. (1)

3.3.3 Beskryf kortliks die term *betalingsbalans.* (2)

3.3.4 Hoekom is dit belangrik om die onaangetekende transaksie-item in die betalingsbalans te hê? (2)

3.3.5 Gebruik die inligting in die tabel hierbo om die saldo op die finansiële rekening te bereken. (4)

3.4 Verduidelik wisselkoersstelsels met verwysing na die *vryswewende* en *beheerde swewende* wisselkoersstelsels. (2 x 4) (8)

3.5 Hoe beïnvloed privatisering enige van die vier makro-ekonomiese doelwitte van die staat? (4 x 2) (8)
**[40]**

GAUTENG PROVINCE EDUCATION REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za

This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS




**VRAAG 4: MAKRO-EKONOMIE** **40 PUNTE – 30 MINUTE**

4.1 Beantwoord die volgende vrae.

4.1.1 Noem enige TWEE van eksogene oorsake van sakesiklusse. (2 x 1) (2)

4.1.2 Hoekom sal 'n Suid-Afrikaanse burger dollars eis? (1 x 2) (2)

4.2 Bestudeer die grafiek hieronder en beantwoord die vrae wat volg.




**[Aangepas uit *Business Tech, 2024*]**

4.2.1 Identifiseer die oorspronklike ewewigshoeveelheid. (1)

4.2.2 Noem enige EEN tipe sakesiklus. (1)

4.2.3 Beskryf kortliks die term *ekstrapolasie.* (2)

4.2.4 Watter impak het 'n toename in totale vraag op reële uitset? (2)

4.2.5 Hoe kan die regering die koste van produksie verlaag? (2 x 2) (4)

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za

This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS



4.3 Bestudeer die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

> Handelsvoorwaardes (ruilvoet) in Suid-Afrika het in die derde kwartaal van 2024 tot 110,80 punte toegeneem vanaf 110,20 punte in die tweede kwartaal van 2024. Handelsvoorwaardes in Suid-Afrika was gemiddeld 76,20 punte van 1960 tot 2024, en het 'n hoogtepunt van 130,30 punte bereik in die tweede kwartaal van 2021 en 'n rekordlaagtepunt van 42.30 punte in die derde kwartaal van 1965.

**[Bron: *https://tradingeconomics.com/south-africa/terms-of-trade*]**

4.3.1 Identifiseer die jaar met die swakste handelsvoorwaardes in Suid-Afrika. (1)

4.3.2 Hoeveel kwartale word gebruik om die ruilvoet in 'n jaar te bepaal? (1)

4.3.3 Beskryf kortliks die term *handelsvoorwaardes*/*ruilvoet*. (2)

4.3.4 Wat beteken ‘n rekord-hoë 130,30 ruilvoet vir die Suid-Afrikaanse ekonomie? (2)

4.3.5 Bereken die ruilvoet as die indeks van invoerpryse 96 is en die indeks van uitvoerpryse 108 is. (Toon ALLE berekeninge.) (4)

4.4 Verduidelik hoe totale aanbod gestimuleer kan word deur die doeltreffendheid van insette. (4 x 2) (8)

4.5 Hoe kan 'n betalingsbalanstekort reggestel word? (4 x 2) (8)

**[40]**

**TOTAAL AFDELING B: 80**

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

GAUTENG PROVINCE EDUCATION REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za

This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS



**AFDELING C**

Beantwoord enige EEN van die twee vrae in hierdie afdeling in die ANTWOORDBOEK.

Jou antwoord sal soos volg geassesseer word:

| STRUKTUUR VAN OPSTEL | PUNTE-TOEKENNING |
|---|---|
| **Inleiding**<br>Die inleiding is ŉ laerorde-reaksie.<br>• ŉ Goeie beginpunt sou wees om die hoofkonsep wat met die vraag-onderwerp verband hou, te definieer.<br>• MOENIE enige deel van die vraag by die inleiding insluit NIE.<br>• MOENIE enige deel van die inleiding by die liggaam herhaal NIE.<br>• Vermy dit om in die inleiding te noem wat jy in die liggaam gaan bespreek. | Maks. 2 |
| **Liggaam**<br>**Hoofdeel:** Bespreek in detail/In-diepte bespreking/Ondersoek/Krities bespreek/Ontleed/Vergelyk/Evalueer/Onderskei/ Differensieer/Verduidelik/ Teken ŉ grafiek en verduidelik/Gebruik die grafiek wat gegee is en verduidelik/Voltooi die gegewe grafiek/Assesseer/Debatteer<br>**ŉ Maksimum van 8 punte mag vir opskrifte/voorbeelde toegeken word.** | Maks. 26 |
| **Bykomende deel:** Krities bespreek/Evalueer/Krities evalueer/Debatteer/Lei af/Vergelyk/Onderskei/Interpreteer/Hoe?/Stel voor<br>**ŉ Maksimum van 2 punte mag toegeken word vir blote lys van feite.** | Maks. 10 |
| **Gevolgtrekking**<br>Enige gevolgtrekking van hoër orde moet insluit:<br>• ŉ Kort opsomming van wat bespreek is sonder om feite wat reeds genoem is, te herhaal<br>• Enige mening of waardeoordeel oor die feite wat bespreek is<br>• Bykomende ondersteuningsinligting om bespreking/ analise te versterk<br>• ŉ Teenstrydige standpunt met motivering, indien nodig<br>• Aanbevelings | Maks. 2 |
| **TOTAAL** | **40** |

SA EXAM PAPERS

Proudly South African

GAUTENG PROVINCE EDUCATION REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za

This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS



**VRAAG 5: MAKRO-EKONOMIE** **40 PUNTE – 40 MINUTE**

- Bespreek in detail die rol van verskeie markte binne die VIER-SEKTOR-model. (26)
- Evalueer die effek van 'n toename in belegging op Suid-Afrika se ekonomie. (10)

**[40]**

**VRAAG 6: MAKRO-EKONOMIE** **40 PUNTE – 40 MINUTE**

- Bespreek in detail die redes vir mislukking in die openbare sektor en koppel dit aan tipiese probleme wat in die openbare sektor voorsiening ervaar word. (26)
- Regverdig die redes waarom die regering verskillende tipes belasting hef. (10)

**[40]**

**TOTAAL AFDELING C: 40**

**TOTAAL: 150**

GAUTENG PROVINCE EDUCATION REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

SA EXAM PAPERS

Proudly South African

EINDE